**Parksig Eiendomsagentskap**

HUISE — PLASE — PLOTTE
BESIGHEDE — STANDPLASE
VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE
SIEN OF BEL
1486 . . . . . . Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven.

# die Wapad

**Le Roux Ateljee**

vir al u
FOTO'S EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
asook
ELEKTRIESE WARE
SKRYFBEHOEFTES — RADIO'S
Span en Omlysting van Tapeserieë
Besoek ons Ateljee te
Von Wiellighstraat 33 Tel. 2217

Jaargang XVI — VRYDAG, 23 JUNIE 1961 — Nr. 7

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# THALIA VOER GROOT PLANNE IN DIE MOU MET TOER

**DIE THALIA-TONEELGROEP gaan vanjaar gedurende die wintervakansie weer op 'n uitgebreide toer deur Noord-Transvaal, Noord-Natal en Noordoos-Vrystaat. 'n Nuwe rigting word vanjaar ingeslaan deurdat twee korter blyspele opgevoer word en nie soos in die verlede, een lang stuk nie.**

Die twee blyspele wat vanjaar opgevoer word, is „Pappa het Ja gesê" en „Liefde en Spelfoute".

Die toer begin op Donderdag, 29 Junie wanneer die groep op Ventersdorp optree. Die toer word daarvandaan voortgesit per bus en opvoerings word ook gehou op dorpe soos Louis Trichardt, Tzaneen, Rustenburg en Brits in Noord-Transvaal; verder ook Pongola, Ermelo, Vryheid, Dundee, Paul Pietersburg, Bethlehem en Kroonstad.

Die toer word afgesluit op 24 Julie met 'n opvoering op Frankfort. Die finale keuring het plaasgevind op 12 Junie en 'n proefopvoering het verlede Saterdagaand op Westonaria plaasgevind.

### 24 LEDE

Die toergroep bestaan vanjaar uit twaalf dames en twaalf mans. Die Raadsverteenwoordigers is mnr. P. J. Schutte en mev. De Beer. Die toerbestuur bestaan uit mej. Engela Venter en mnre. Piet Venter, Cassie Venter en Jan Ras. Mnr. Cassie Venter tree ook op as Studenteraadsverteenwoordiger.

„Pappa het Ja gesê" is 'n blyspel wat vertaal is deur prof. Hertzog Venter. In die vorige eeu is hierdie blyspel uit Duits vir die Nederlandse toneel verwerk deur mnr. C. Th. van der Brughen van Lauwenrechet onder die titel „Papa gaf permissie".

Soos alle blyspele wat op die rantjie van die klug huiwer, put ook hierdie een 'n deel van sy vermaaklikheid uit die name, waarvan veral die van Buldik, wie se postuur, naam en geaardheid blykbaar ooreenstem, en Aurora (Daeraad) Newelkop veelseggend is.

Misverstande gee aanleiding tot allerhande vermaaklike woordspelinge, woordespel en wanbegrip.

### DWAASHEID

Die menslike dwaasheid moenie vergeet word nie: Jetjie die diensmeisie het haar eie ideale; Liebrecht verkneukel hom in 'n glorie wat hy eintlik nooit besit het nie, en Aurora Newelkop meen dat sy dit eindelik ingehaal het.

Buldik is 'n tipiese burgerman wat hom belangrik voel omdat hy met 'n aansienlike banksaldo kan spog en geld is die enigste norm waarmee hy mense kan takseer. Karel en Lise is sommer twee jongmense wat heerlik munt slaan uit 'n misverstand op grond waarvan pappa Buldik ja sê.

### VERAFRIKAANS

Daar is gepoog om die omgewing en taal te verafrikaans sodat die gehoor dit sal geniet om te aanskou wat gebeur as pappa ja sê.

### KOMEDIE

„Liefde en spelfoute" is uit Frans verwerk deur dr. T. T. Cloete, en is 'n komedie in drie bedrywe.

Dorante, 'n verfynde jongman uit 'n aansienlike Franse familie, dink daaraan om te trou met Silvia, die verfynde dogter uit 'n eweneens aansienlike Franse familie.

As Dorante nou vir die eerste keer Orgon se huis besoek om met



**Piet Venter, voorsitter van Thalia.**

Silvia kennis te maak, verskyn hy as sy bediende, Pasquin, en die growwe Pasquin verskyn natuurlik in die rol van hoë heer.

Die doel van Dorante met sy vermomming is om Silvia op 'n afstand en rustig te kan bestudeer voordat hy besluit of hy met haar wil trou.

Maar ook Silvia het klere en rolle met haar bediende, Lisette, omgeruil, ook met die doel om Dorante op 'n afstand te bestudeer.

### HOË LUI

● En wat gebeur nou?

'n Mens kry onbeskofde en onbeskaafde „hoë lui" te sien en „verfynde bediendes", tot die verbasing van albei partye.

Alleen Orgon en sy seun Mario weet van die dubbele vermomming, en hulle gebruik die kennis om die verwarring te vererger.

„Liefde en Spelfoute" is 'n lagwekkende komedie waarmee Thalia seer sekerlik groot gehore sal trek en wat sal bydra tot die plesier van die toer.

# A.S.B. Trek Luisterryk Saam Aan U.O.V.S.

**REËLINGS VLOT TANS goed vir die dertiende jaarkongres van die Afrikaanse Studentebond wat van 15-21 Julie aan die U.O.V.S. in Bloemfontein gehou word.**

Die sentrale tema van die kongres is Nasionalisme, sy betekenis en verskyning in S.A., Afrika en die wêreld.

Die kongres word op Maandagaand, 17 Julie amptelik geopen en 'n vooraanstaande persoon in die openbare lewe sal as spreker optree.

### PROF. COETZEE

Die volgende middag lewer prof. J. H. Coetzee van die P.U. vir C.H.O. 'n referaat waarin hy 'n formulering en motivering van Nasionalisme sal lewer.

Die Beleidsraad vergader die Maandagoggend, die Hoofbestuur reeds Vrydagaand terwyl die kunsfeeskonsert op Vrydagaand, 21 Julie plaasvind.

### AFVAARDIGING

Die P.U. se afvaardiging bestaan uit mnre. J. S. du Plooy (leier), J. J. de Wet Krüger, E. J. de Jager, P. R. P. Potgieter, J. M. Els en J. H. Boneschans.

Hierbenewens het die P.U. twee lede op die Hoofbestuur, nl. mnre. P. D. F. Strydom en D. A. S. Herbst.

Die P.U. sal ook op die fakulteitskonferensie en die kunsfees sterk verteenwoordig wees.

## 'n Beroep Op Alle Pukke

*Mnr. J. H. (Hans) van Zyl, voorsitter van die komitee wat geld invorder vir die A.S.B. doen 'n beroep op alle Pukke om mee te help om 'n sterk fonds daar te stel.*

*Mnr. van Zyl verklaar dat die komitee tans alle pogings in die werk stel om die fonds op stewige pote te plaas.*

*„Waar u hierdie vakansie in alle rigtings uiteengaan, sal dit hoog waardeer word as u vrywillig en op eie inisiatief 'n bedraggie invorder op 'n manier wat u self as die geskikste ag," sê mnr. Van Zyl.*

*Hy vervolg dat elke Puk vir hierdie saak iets moet doen. „Die A.S.B. is 'n onontbeerlike liggaam vir die Afrikaner in die Republiek van Suid-Afrika."*

# Alabama Slaan Vanjaar Geslaagde Nuwe Rigting In

**GESKIEDENIS WORD vanjaar gemaak deur die Alabama Studente-orkes wat hul keuse van program aanbetref. Dit is naamlik die eerste keer dat hulle nie 'n verskeidenheidskonsert aanbied nie, maar wel 'n program met 'n sentrale tema, 'n deurlopende storie en 'n draaiboek.**

'n Mens merk op dat, teenstrydig met die amptelike naam van die toergroep, die klem nie meer val op die orkes nie—miskien 'n nodige ontwikkeling.

Daar is dikwels al gevoel dat 'n verskeidenheidskonsert 'n lomp en onhandige manier is om 'n program aan te bied. Want daar word gewoonlik ligte items ingesluit omdat die toer deur die platteland gaan, waar 'n ernstige program nie goed bygewoon sal word nie.

### STANDAARD

Om die standaard egter op 'n hoër peil te kry, word gewoonlik 'n klassieke klaviersolo, en sangitems ingesluit. Nou moet die gehoor hom meteens ernstig instel vir die „hoë kuns". So 'n program plaas 'n onaangename spanning op sowel die gehoor as die persoon op die verhoog.

Dit was dus 'n aangename verrassing om te verneem dat die Alabama vanjaar 'n nuwe rigting ingeslaan het met 'n program van baie meer buigbare vorm. Die A.S.O. het naamlik 'n bekende oud-Puk genader om 'n draaiboek te skryf vir 'n tipe program wat skynbaar lê tussen die Amerikaanse „show" en 'n ligte operette.

### VEELSYDIG

Nesco du Toit is aan die meeste van ons bekend as 'n veelsydige persoonlikheid, maar hy verras ons hier met nog 'n briljante faset as jy deur sy draaiboek blaai, waaruit dit duidelik blyk dat hy heeltemal opgewasse was vir sy opdrag.

Sonder om te veel intrige in te voer, vind hy genoeg verskoning om in dieselfde program te kan aanbied ligte studentepret, 'n gevoelvolle Russiese volksliedjie, 'n Skotse „jig" en 'n Duitse kroegtoneel tesame met tipies-Afrikaanse items.

'n Verdere voordeel van sy gebruik van 'n deurlopende verhaal is die uitskakeling van geforseerde stemmingsveranderings en formele applouse.

Ook merk 'n mens op dat die liedjies selfs tot vyfstemmig gesing word—iets wat feitlik al die vorige jare oor die hoof gesien is en altyd 'n onafgewerkte indruk geskep het.

Tans oefen die toergroep redelik beste om al die besonderhede onder regie van mnr. Du Toit self ingestudeer te kry, en hul repetisie-aande dui daarop dat die eksperiment baie suksesvol kan wees.

Gedurende die vakansie tree die A.S.O. etlike keer op in dorpe in Noordoos-Kaapland en ons sien uit na hul optrede in Potchefstroom volgende semester.—(J.M.)

## Studente Betoog

Sowat 500 studente van die Universiteitskollege van Ghana het Vrydag 'n protesmars na die ampswoning van pres. Nkrumah beplan.

Die doel van die optog was om te betoog teen die moontlike afdanking van sommige lektore.

Plakkate soos „Ons wil akademiese vryheid hê", „Weg met politiek in die Universiteit" is gedra.

Binne 'n week VAKANSIE

Geniet dit, maar . . .

met films by ons

gekoop

*GOOI 'N DRAAI VOORDAT JY WAAI !*

**FOTOKUNS**

**Tomstraat 82**

**Telefoon 3185**

**sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt**

# Splinternuwe Blad oor S.A. Gesteun

**Die Tukkies het onderneem om by te dra tot 'n splinternuwe blad in Afrikaans en Nederlands om 'n gesonder begrip oor ons land in die buiteland tuis te bring.**

Die blad heet „Nieuws uit Zuid-Afrika" en die eerste uitgawe het reeds op 31 Mei verskyn. Dit word uitgegee deur 'n groep oud-Nederlanders, immigrante en vriende van Nederland in Suid-Afrika.

Die opset van die blad is om deur middel van ooggetuie verslae 'n omvattender beeld van Suid-Afrika in stamlande te skilder. Tien duisend eksemplare is reeds in Nederland versprei.

Mnr. Daan van der Merwe, S.R.-voorsitter, het gesê dat die publikasie beslis tot 'n invloedryke medium uitgebou kan word mits meer instansies dit steun. Die Tukkies het self aan die werk gespring om die koste van een uitgawe—R500—te dra.

● Die adres van die blad is: Posbus 1847, Pretoria.

# Van der Schyffs Se Rekord

Die drie Van der Schyff-broers van die Puk het heelwaarskynlik 'n rekord opgestel.

Hulle, by name Jan, Piet en Johan, speel tans vir die eerstespan voetbal. Jan is reeds jare lank 'n staatmaker van die eerstespan terwyl Piet ook 'n gereelde lid van die span is. Die jongste toevoeging is Johan.

In die afgelope twee wedstryde was hulle aldrie langs mekaar in die agterlyn.

Jan het reeds sy Wes-Transvaalse kleure verwerf en dit lyk of Johan ook nou sy plek daar inneem: hy is gekies om sy provinsie teen Boland te verteenwoordig, en dit terwyl hy nog onder negentien is.

● Die redaksie wens die drietal hartlik geluk.

# *Warm uit die oond op die Campus*

IS ONS BLY? Ag, ja, ons is baie, baie bly! Ons is nie bly omdat ons onsself verras het nie, maar omdat ons ander se oë kon laat oopgaan het — **19-0!**

By al hierdie vreugde is daar nog mense wat nie eers daaroor bly genoeg is nie, maar hul bron tot vreugde uitgebrei het. Dit is waarom die liefdesaktiwiteite ook altyd aan die gang bly.

### STILLE WATER

Ja, stille waters, diepe grond; onder draai die babers rond.

Geen wonder dat ou Willem Wikkelspies in sy tyd al sulke wyshede kwyt geraak het nie. Hy het gesê dat die liefde sonder logika redeneer.

Dan is dit vir my doodseker dat party ouens regtig onlogies is. Dit is nie omdat hulle dom is nie, maar omdat die liefde hulle beet het. So erg gaan dit deesdae dat party al aan die kys gegaan het.

### HARTE LEI

Dit is regtig oulik as almal nie hul koppe volg nie, maar party hulle deur hul harte ook laat lei.

Verlede jaar het **Johan Pepler** se hare met Intervarsity gewaai. Om sy hare tot groeikrag aan te spoor, het hy besluit om te kys sodra hulle weer normale lengte bereik het. Dit is al amper weer Intervarsity, en dit is al amper weer tyd dat hy hare waai. Die remmende faktor gaan egter hierdie keer 'n rol speel, want verlede week het hy en **Desireé Joubert** gekys geraak. Geluk!

Klein **Bok (Sarie) Fourie** het soos die Fouries vanouds 'n gaping gesien in **Flip Hatting** se hart. Sy het die gaping gevat, en Flip vir haar—nou is dit 'n oor en weer (vas)vattery.

### IN DIE KERK

**Hennie Breedt** gaan nie meer alleen kerk toe nie, en vra gereeld vir **Leonie Blanché** om hom daarheen te vergesel. In die kerk kon hy nie die kys-toestemming kry nie, en ook nie by die plate-aanbieding nie, want by altwee geleenthede moet 'n mens die stile bewaar. Maar waar het hy haar dan gevra? Een van die twee geleenthede moes hulle seker gebank het, en so die groot geleentheid geskep het.

### MOEITE WERD

Dan is daar mense wat besluit het dat hulle die vakansie die moeite werd moet maak. Om dus die verveling te bowe te kom sal **Manie Marais** en **Sophia van der Walt** dan maar aan mekaar skryf, want dit hoort tog so as 'n mens gekys is.

● So van kys gepraat: laat ons dan maar uitpak terwyl ons nou daarmee besig is. **Gerrit Coetzee** het besluit dat dit tyd is om van kys te praat. **Ansie de Bruyn** het met aandag geluister en boonop saam gestem. Wat die hart van vol is loop die mond van oor . . .

Goeie buurskap is vir my tog altyd so 'n mooi verskynsel. Vir **Marius Aucamp** is dit blykbaar dieselfde, want in die buurskap van Pote is daar so 'n mooi verskynsel soos **Betsie Greef.** Geluk met die kys (net so 'n mooi verskynsel . . .)

### GOUE KLIPPIES

● Asof al hierdie genoemde manewales nie genoeg is nie, is daar mos ander mense tussen ons wat ernstiger stappe geneem het.

Ek praat hier nou van ons maats wat in die klippies belang begin stel het, sonder dat geologie 'n rol moes speel. Dink maar aan **Aubrey Muller** en **Rita Jooste.**

Ook 'n kêrel wat die kys ontgroei het is **Jan Louw.** Geluk aan Jan en **Elise van der Merwe** met die verlowing.

* * *

● Ja mense, so gebeur die dinge maar hier om ons, nê?! Dit kys en verloof so elke nou-en-dan. Dis die gees Pukkies, en laat die dinge maar ontwikkel.

Ek meen te sê: die liefde is vir my soos 'n padskraper; dit raas partykeer dat dit bars, maar waar hy langs gaan, lyk dit mooi.

* * *

● Common sense can prevent many divorces—and marriages too.

—ONZE OOM LOKOMOTIEF.

# EKSAMEN VERVROEG

Belangrike wysigings ten opsigte van die aanvangsdatum van die Universiteitseksamen is pas deur die P.U.-kantoor aangekondig.

Die eksamen sal nou op Maandag 30 Oktober begin en nie meer op 6 November soos aanvanklik aangekondig nie.

Die afsluiting van lesings en praktika vir die jaar vind nou ook vroeër plaas, nl. op Vrydag, 13 Oktober.

Die laaste datum vir aansoeke om hereksamen vir vanjaar is Maandag, 2 Oktober.

● Die diplomaplegtigheid vind egter nog op Vrydag, 8 Desember plaas.

# Oor Vakansies, Dalende Jaarpunte en Skeiding

VAKANSIES kom en vakansies gaan. Toetse kom en studente gaan nie huis toe nie, maar biblioteek toe om referaatjies en sulke goetertjies onder die knie te kry vir die probleme wat voorlê.

Ons is mos nou almal hard besig om dit wat ons hierdie halfjaar gesaai het, te maai. Vir party mense is dit seker ook maar net 'n misoes. Gelukkig bevat die Afrikaanse taal darem woorde soos vooruitsigte, moed en voornemens.

### OBJEKTIEWE BESKOUING

By die ter perse gaan van hierdie geskrewe objektiewe beskouing sal die meeste van die lesers seker al oor die ergste afskuwelikheid van hierdie nare ontmoedigende tyd van grillerige spookagtige toetse vir 'n dreigende, dalende en druiperige jaarpunt wees.

● Nou kan 'n mens seker sien waarom ek van vakansies gepraat het toe ek begin het, want 'n vakansie sal op hierdie stadium omtrent so welkom wees soos 'n sambreel vir 'n Kalahari-padda wat nat reën.

### TROOSWOORDE

Maar wag, laat ek darem eers 'n paar trooswoorde spreek, anders sal die lesers dink dat hulle swartgallig moet voel oor die swartgallige tyd wat ons nou so kort voor 'n vakansie beleef.

Vir party is dit 'n goeie geleentheid om te wys waartoe hulle in staat is. Vir ander is dit weer 'n goeie geleentheid om seker te maak dat hulle nie hul dosente bederf nie, want as dit eers gebeur het, dan is alles verby.

Kyk, die ding staan so: as hulle (dosente) eers geleer het om te veel van 'n mens te verwag, dan is die ontnugtering en teleurstelling vir hulle baie groot as hulle moet uitvind dat hulle „gebol" is.

Hulle het mos ook hard gewerk om iets in die studente se koppe te kry. Langs so 'n weg vermy u dus ook teleurstelling.

### AANSPORING

Om verder te gaan hiermee—as u nou nie te waffers gevaar het nie, dan is dit weer 'n aansporing vir die dosent om meer aandag aan u te bestee. Op hierdie wyse het u weer eens 'n teleurstelling verhoed.

● Hierdie keer egter een vir uself, want as u presies volgens hierdie resep gehandel het, kan u dalk aan die einde van die jaar slaag, as gevolg van die ekstra aandag wat bestee is deur die dosent.

Dit is ook maar net 'n bespiegeling want dit is vir die dosent net so moeilik om in 'n „student" se kop iets te kry as wat dit is om voor 'n spieël te staan en jouself te laat glo dat jy lelik is.

### NIE LUS NIE

Nouja, ook nou alweer genoeg gesels oor die vakansie. As die vakansie so naby is, voel niemand lus om oor die akademie te gesels nie, en daarom het ek dit toe ook nie gedoen nie.

● Mag die vakansie vir ons 'n vrugbare en aangename tyd wees. Ek hoop van harte dat die vakansie vir die studerendes lank genoeg sal wees, en vir die gekysdes en ander slepers kort genoeg.

Tot ons mekaar dan volgende keer weer sien is dit tot siens en alles wat in u smaak val.

—OOM VAKANSIE-TREIN.

# Juriste Kom Tweede

*Verlede Saterdag het die eerste regsintervarsity tussen die Pukke en Tukkies plaasgevind. Die Pukke het op die voetbalveld ongelukkig tweede gekom met 'n telling van 14-11.*

*Afgesien van die baie fikse spelers, o.a. in die persoon van Jan Botha, was dit 'n wedstryd waarin die bal na hartelus rondgegooi is en wat die skare — daar was ongeveer 10 — telkens op hulle voet gehad het.*

*Die Pukke se punte is behaal deur Cloete (drie), Scholtemeyer (drie) en Hennie van der Merwe (strafdoel en vervyfdoel).*

★ *Die Pukke is egter swaar getref deurdat mnr. Frik van Zyl in die eerste minuut sy enkel sodanig beseer het dat hy afgedra moes word.*

# Joernaliste Vergader in Rome

Die tiende internasionale studente perskonferensie vind vanjaar vanaf 2 tot 8 Julie in Rome plaas.

Die konferensie vind plaas onder beskerming van UNURI (die Italiaanse Studente-unie) en COSEC. Die konferensie volg op 'n besluit van die negende sitting van die I.S.K.

Die doel van die konferensie is om studente-joernaliste die geleentheid te bied om die ontwikkeling van die studentepers dwarsoor die wêreld te bestudeer en om gemeenskaplike probleme van studentekoerante te bespreek.

### ONDER SOEKLIG

Belangrike skae met betrekking tot studentekoerante en hul skakeling op internasionale vlak sal onder die soeklig kom.

Vooraanstaande koerantmanne sal die konferensie toespreek oor onderwerpe soos Perssensuur, Die rol van die pers in ontwikkelde lande en Die tegniese versorging van koerante.

ONDERSTEUN STAATMAKERS!
APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK
Kerkstraat 118 POTCHEFSTROOM Telefoon 929

Lepisma Saccharinum Es?
Is u 'n Boekwurm? . . .
KOM KRY U VOEDSEL DAN BY ONS —
Pro Rege-Pers Beperk
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
KERKSTRAAT 91-95 TEL. 1164 en 497
BORCHERDSTRAAT TELEFOON 3431
POTCHEFSTROOM

Trap vas met Dixi . . .
Dixi-Cola
Potch. Mineral Waters (Pty.) Ltd.
SHERR & SHAKINOVSKY
FOON 16 en 1144 POSBUS 134

# SELFWERKSAAMHEID: HUISVADER SE VOORBEELD

„DIE STRYD OM TE BESTAAN in teenstelling met ons betreklik sorgvrye en gemaklike lewenswyse, is een van die oorheersende indrukke wat ek in Europa opgedoen het," het mnr. C. P. van der Walt in 'n onderhoud aan ons verslaggewer gesê. In 1955 het mnr. Van der Walt 'n paar maande in Gent, België, gestudeer.

In Gent het hy saam met vyftien studente in 'n sg. „Studentekot" gewoon. Onder hulle was daar een Suid-Afrikaner, dr. Corrie Jooste, tans hoof van die afdeling vir die opleiding van onderwysers aan die Pretoriase Tegniese Kollege.

In België het die twee Afrikaners werklik geleer wat selfwerksaamheid beteken. Daar was geen bediendes wat hulle werk vir hulle kon doen nie.

### SELFBEHOUD

In Europa bestaan daar 'n geweldige stryd om selfbehoud en selfhandhawing, iets wat ons hier in Suid-Afrika nie ken nie. Die hospita in Gent waar mnr. Van der Walt tuis was, moes sonder die hulp van bediendes in die winter al die kaggels in die kamers skoonmaak, die studente behulpsaam wees in die voorbereiding van voedsel, haar eie huishouding behartig en boonop die grootste gedeelte van die verf- en plakwerk aan die huis doen wat hulle gekoop het.

Op die plase is dit man, vrou en kind wat mens op die lande gewaar. In Duitsland het mnr. Van der Walt selfs spanne vrouens op die lande sien werk. Dit is alles voorbeelde van die stryd om te lewe wat daar in Europa bestaan. Hier moet die mense werklik self werk omdat daar nie goedkoop nie-blanke arbeid is nie.

In dorpe en stede het die mense benewens hulle daaglikse werk almal nog byverdienstes soos slaghuise, kafees en winkeltjies waarmee hulle hul verdienste aanvul omdat die lewenskoste hoog is en die geld min.

### SWAAR GEKRY

Mnr. Van der Walt sê dat hy aan die begin maar swaar gekry het om gewoond te raak aan die selfwerksaamheid. Destyds was hy al 'n getroude man met twee kinders. By die huis was hy gewoond dat sy vrou hom versorg en alles in die huis regmaak.

Maar in die vreemde moes hy self sy bed opmaak, kos kook, klere was en stryk. Uit dit alles het hy egter 'n mate van bevrediging en genot geput, omdat hy nou werklik uitgeleef het waarna hy reeds so lank gestreef het.

### MIN KOSHUISE

Interessant is dit om te weet dat in Europa slegs enkele universiteite koshuise besit. Die student in Europa moet self vir sy losies sorg.

Gewoonlik het hulle vir hul 'n kamer gehuur. Daar moes hulle dan vir hulle self sorg, dikwels in die grootste ongerief. Hulle moes met die minste geld moontlik klaarkom, met die gevolg dat hulle etes maar skraal was. Verder moes hulle self vuur maak in die kaggels in die kamers. Hieraan was 'n groot beslommernis verbonde. Die hout en kole was weggepak in 'n kelder onder die huis. Die studente moes dit self opdra en die vuur aan die gang kry.

### VOORSTANDER

Mnr. Van der Walt was sy hele lewe lank 'n groot voorstander van selfwerksaamheid. Ongeveer agt jaar gelede het hy dan ook die idee van selfwerksaamheid by 'n ledevergadering van die A.S.B. voorgedra, maar daar was nie veel reaksie daarop nie, want soos hyself sê, was die gevoel van die massa maar van „ons hoor jou".

Hy volg dan ook met groot belangstelling die poging van die Pukke tot algehele selfwerksaamheid.



Mnr. Van der Walt.

Ten slotte het mnr. Van der Walt gesê: „Na wat ek in Europa gesien en ervaar het, kan ek alleen die hoop uitspreek dat die dag—die blye dag—sal aanbreek dat ons blankes in Suid-Afrika ook self ons werk sal verrig."

## Die Besembos Vanjaar vol Verrassings

*Die Besembos gaan vanjaar verrassings oplewer.*

*Die meeste foto's is reeds geneem en die plan waarvolgens dit gedoen word, slaag goed. Die informele groepering van besture, komitees en spanne sal by almal seker groot byval vind.*

*Die redaksie het al ver gevorder met reëlings in verband met die blad. Prag-artikels het die redaksie reeds bereik, selfs van Duitsland.*

*Glanspapier sal vanjaar gebruik word. Dit is duursamer en gee 'n beter indruk. Die formaat van die blad is ook groter as in die verlede.*

*Saam met die redakteur, mnr. Dries Yssel, hoop die redaksie om 'n puik blad aan die Pukke te bied — iets om baie trots op te wees.*

# Redenaarskompetisie Op 16 Augustus

Die jaarlikse Wolnitredenaarskompetisie vind vanjaar op 16 Augustus aan die Puk plaas, aldus 'n verklaring van dr. F. J. du Plessis van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskap aan Die Wapad.

Die Wolnitkorporasie bied jaarliks 'n redenaarskompetisie op die Universiteit aan waar studente hul oratoriese talente tot uiting kan bring. Die kompetisie staan vir alle Pukke — dames sowel as mans — oop.

Die onderwerpe sal ter gelegenertyd deur dr. Du Plessis op die kennisgewingborde aangekondig word asook verdere besonderhede.

Benewens die groot wisselbeker wat die wenner van die kompetisie sal ontvang, word aan die eerste, tweede en derde plekke ook kleiner bekers oorhandig.

### PRYSGELD

Daar wag aantreklike geldpryse op die wenners van die kompetisie. Pryse van R25, R15 en R10 sal aan die wenners oorhandig word.

Die interessante vorm waarin die kompetisie altyd aangebied word, het hom in die verlede geleen tot 'n genoeglike aand vir deelnemers sowel as toehoorders. Die kompetisie beloof om vanjaar groot belangstelling aan die kant van die Pukke uit te lok.

Die Pukke word opgewek om hierdie prysenswaardige belangstelling en aanmoediging van ons kultuursake dan ook daadwerklik te steun en hierdie vakansie al daarop begin voorberei.

## LESING EN FILM

**Op Dinsdagaand, 8 Augustus om 7.30 lewer mnr. Braaksma van die Nederlandse Ambasade te Pretoria 'n lesing in die Studentesaal.**

**Die lesing handel oor die Nederlandse filmkuns en sal toegelig word met interessante voorbeelde.**

**Alle belangstellendes is hartlik welkom by hierdie filmvertoning.**

HEERLIKE,
VERFRISSENDE
RONDI'S ROOMYS
VERKRYGBAAR BY
PARK VRUGTEWINKEL
OF BY ONS KARRETJIES
H/v VAN RIEBEECK- en LOMBARDSTR.

# Studenteraad Se Besoek Aan Turfloop

DIE S.R.-VOORSITTER van die P.U. vir C.H.O., mnr. J. J. de Wet Krüger en mnr. J. H. Boneschans het op Saterdag 10 Junie 'n besoek afgelê by Turfloop, die Universiteitskollege van die Noorde.

Die Universiteit is agttien myl vanaf Pietersburg op die Pietersburg-Tzaneen grootpad geleë tussen koppies wat 'n baie rustige studie-atmosfeer skep.

Die inrigting bestaan uit pragtige nuwe geboue en brei vinnig uit. 'n Studentesaal en S.R.-kantoor is byna voltooi.

### WERK HARD

Die Rektor van die Kollege, prof. Potgieter, gee die versekering dat die studente baie hard werk.

Die Pukke is baie gasvry ontvang deur sowel dosente as studente. Hulle gee die versekering dat die besoek van veel waarde was, daar dit 'n nie-amptelike besoek was. Die owerhede verwelkom besoeke, hoewel amptelike besoeke eers in die volgende semester sal kan geskied.

### IN ENGELS

Wat die akademiese sy betref ontvang die studente hulle lesings in Engels. Hulle voer aan dat hulle eie taal nie in daardie rigting ontwikkel is nie.

Die studente het 'n hoë agting vir prof. Potgieter en die verhouding dosent-student is gesond. Daar is een nie-blanke professor, prof. Kgware.

Hoewel die studente baie gretig is om te leer, het hulle oor sekere sake 'n eie standpunt.

Wat buitemuurse aktiwiteite betref, neem die studente ywerig aan sport deel, waarvan netbal en sokker die vernaamste is. Op kulturele gebied bestaan daar verskillende verenigings, bv. 'n dramavereniging en 'n musiekvereniging.

### SELFWERKSAAMHEID

Die algemene indruk is dat die studente baie trots voel op hulle universiteitskollege. Selfwerksaamheid word in die mate toegepas dat die studente hul eie beddens opmaak, maar verder het hulle bediendes.

Die S.R. bestaan uit 13 lede. Wat die studente veral baie interessant gevind het is ons stelsel van stemreg en verkiesing.



**Mnr. J. S. du Plooy (foto: Fotokuns) aan wie die Abe Bailey-reisbeurs vanjaar toegeken is. Hy vertrek in Desember per boot saam met studenteleiers van ander universiteite na Europa.**

# Sangbundel en Plaat Verskyn Eersdaags

ALLE PUKKE WAT ná die einde van die eerste semester 1961 hulle studie wens voort te sit, word sterk aangeraai om gedurende die vakansie 25c. in die hande te probeer kry.

Aan die begin van die 2de semester kan die boek wat tans buite druk is dan met behulp daarvan aangeskaf word.

Volgens ingeligtes is dit 'n onbegonne taak om die eksamens of Intervarsity sonder hierdie handleiding tegemoet te gaan, derhalwe is hierdie bundel vir almal wat vanjaar wil slaag en hulle sukses singende wil vier, 'n MOET.

### TITEL

Die titel van die boek is die P.U.-Studentegesangbundel en sal gedurende die Julievakansie wat die lig sien, en behoort grootliks by te dra dat singsongs weer in die regte Pukgees gehou sal word.

### PLAAT

Ook die 18 duim-langspeelplaat met P.U.-studenteliedjies sal gedurende die Julievakansie voltooi word. Voorlopig word 'n duisend van hierdie plate gemaak waarvan meer as twee-honderd reeds van die hand gesit is. Bestellings is selfs gekry van oorsese oud-Pukke.

Die prys van die plaat is R3.50 en dit bevat van die gewildste studenteliedjies. Mnr. Anton Hartman is die dirigent en die uitstekend-afgerigte koor word begelei deur 'n gedeelte van die S.A.U.K.-orkes. Die plaat beloof om van hoogstaande gehalte te wees.

Wes-Transvaalse
SPORT-
WINKEL
KERKSTRAAT 85
ENIGSTE
VERSKAFFER
VAN
OFFISIËLE
KLEURE

CORNER
FRUIT STORE
„U Ken Ons"

Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie . . . spreek dan
EDDIE de BEER
DIAMANTSLYPER
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse
U soek die diamant en ons set hom na u smaak
BEL: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
OF
E. J. de Beer: 869-1260, Alberton

DIE BULT
DROOGSKOONMAKERS
(EDMS.) BPK.
Vir Vinnige en Deeglike Diens
Tomstraat 90 Telefoon 2237

Vir daardie hol gevoel op die maag . . .
Ons bak die
HEERLIKSTE
**Vleispasteitjies**

Turkstra

BAKKERY BAKERY
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 61 Potchefstroom

**TRANSVALIA MEUBELS BPK.**

KERKSTRAAT 180
TELEFOON 2157
POTCHEFSTROOM

BESOEK ONS
VIR
VRIENDELIKE DIENS
EN
MEUBELS
VAN
GOEIE GEHALTE

*„Ons Meubels word Erfstukke"*

U VOLGENDE HAARSNY:
Kom na

**POTCH. HAARKAPPERS**

(Langs President Teater)
Kerkstraat 104

**„Same Day" Droogskoonmakers**

Kerkstraat 196A

Vir Hoflikheid en Vinnige Diens

ALLEENLIK VIR BLANKES

**FLEURETTE**

SPESIALE WAARDE
VIR
STUDENTE

Mooi *RUIKERS* en *BLOMME* veral *ROOI ANGELIERE* vir *VERLIEFDES*

die Wapad

# Nasionalisme

WAAR DIE deurlopende tema van die dertiende jaarkongres van die Afrikaanse Studentebond nasionalisme en sy verskyningsvorme is, val dit te betwyfel of 'n beter tema as hierdie geleentheid sou bied vir Afrikaanse studenteleiers om te besin oor die vraag: Waar gaan die wêreld Suid-Afrika inpas in die beeld van die toekoms?

Die jaar 1960 is in die wydste kringe aangekondig as die jaar van Afrika. In hierdie kontinent en ook in die Ooste is die eertydse koloniale gesag dan ook verdring deur 'n stryd en strewe om nasionale selfstandigheid.

Dit is juis hierdie nasionale ontwaking wat aan die volke van hierdie lande so 'n sentrale plek in die nuus van die dag verleen.

### WÊRELDFORMAAT

Die rassevraagstuk — wat 'n probleem van wêreldformaat geword het—openbaar hom vandag as nasionale vraagstuk, d.w.s. die strewe van die swart en geel volke na nasionale vryheid veral in die sin van politieke selfbeskikking.

Ideologies is ons wêreld vandag in twee kampe verdeel: Ooste en Weste.

Die swart volke bevind hulle in hierdie wêreld in die benydenswaardige posisie, die unieke groef eintlik, dat hulle feitlik onmagtig is om hulle eie naam sleg te maak solank hulle maar net nie kant kies tussen Oos en Wes nie.

Die witman van Afrika het op sy beurt vir die groot moondhede van die Weste verkwanselbaar geword. In hul grootdoenerigheid teen die Kommunisme is die Weste so behep met die idee om die swartman se siel uit die kloue van Kroesjtsjof en sy trawante te hou dat hulle geen oog oor het vir die vyfmiljoen blankes in Afrika nie.

### PADDASTOELE

Nie-blanke onafhanklike state van Afrika en Asië wat soos paddastoele opskiet en hulle stem in die V.V.O. dik maak, verklaar onomwonde dat die heerskappy wat die blanke in die afgelope paar eeue uitgeoefen het, iets van die verlede is.

Die stryd om Afrika aan die kant van die Ooste te skaar, gaan onverpoosd voort en tans word die een band na die ander tussen Asië en Afrika gelê. Intussen is die Weste steeds besig met 'n sieklike vlerkslepery by dié swart state.

Min. Eric Louw het verlede jaar in Londen Suid-Afrika se beleid raak getipeer as „die drang tot voortbestaan". Teen die agtergrond van die huidige wêreldbeeld behoort dit dan ook vir iedereen duidelik te wees waarom selfbehoud vir die blanke in S.A. 'n lewensbelangrike saak is.

Dit behoort ook duidelik te wees waarom S.A. hom vir geen oomblik kan isoleer van die gebeure op die groot wêreldtoneel nie en waarom besinning daaroor 'n dwingende verantwoordelikheid is.

# Goeie Wense

DIE EERSTE semester trek klein koppe en die tydperk wat voorlê is ryklik met name bedeeld.

Die bekendste—en die vernaamste—hiervan is die naam vakansie.

Vir baie beteken dit egter swoeg en sweet in 'n ander omgewing ten einde in staat te wees om terug te keer na die campus.

Om weer te sweet en te swoeg.

Of om te kom rus.

Vir nog andere beteken dit die swygsame aanhoor van 'n pers-rooi-in-die-gesig sersant-majoor op 'n afstand van vyftig treë. Vir volk en vaderland.

Dan is daar nog diegene wat gaan toer, kongresse hou, sporttoernooie bywoon of sommer net laat sal slaap en baie eet.

Nog 'n laaste benadering: Van die kant van die geleerdes kom daar nog ander name vir hierdie paar weke wat nou voorlê. Dinge soos „studieverposing", „tydperk vir begronding en besinning", „geleentheid vir verdieping" en so meer.

Die wens van die redaksie is dat dit met u goed sal gaan —toerend, arbeidend, rustend, konfererend—hou dit hoog.

Dit geld ook geleerdes en doserendes.

En as dit hotagter word, hou maar die blink kant daar . . .

## Spykers met Koppe

Kwaadsprekery is die uitlaatklep van kwaaraardigheid.—JOUBERT.

* * *

Dit is beter om deur 'n mooi leeu opgevreet te word as deur duisende rotte.—VOLTAIRE.

* * *

Die geboorte is die doodvonnis van die lewe.—DE LA MOTTE.

Die eerste liefde is dikwels net nuuskierigheid van die hart. — FLIEGENDE BLÄTTER.

* * *

Alleen in stille huislikheid word lie lewensgeluk, wat die ware steun van die wyse is, gevind.—KOTZEBUE.

# In U Lig

WATTER NEGATIEWE mens is die een-talent-dienskneg tog! Kyk hoe skilder Jesus hòm vir ons. Hy sit hom letterlik en bekommer oor die talent van sy heer. Dis natuurlik nie die vòlle waarheid nie. Hierdie luiaard sit hom en kwel oor die dag van rekenskap.

Al sy vernuf in aktiwiteit bestaan in planne maak, om by die oomblik van rekenskap verby te kom. En hy voel hom nie eerder seker van sy saak voordat sy talent veilig in die grond verstop is nie. Nou kan sy meester hom niks maak nie.

Dis die sloerstaker van ons tyd! U moet by hom geen greintjie belangstelling in sy werk soek nie. Hy is op sy manier bèsig. Pasop vir hom! Heel sy optrede is een stuk bedrieëry. Hy is meesterlik in die kuns om met sy minimum werk die saak te bedrieg. Hy tempteer sy werkgewer deur sy liefdeloosheid wat die gees onder die arbeiders bederf, maar hy is die brutale mond, die geselepene, wat juis nie pertinent kan betrap wrod nie; en met die oomblik van rekenskap hoor ons net sy groot mond.

### NEGATIEF

Het u weleens opgemerk dat u as student ook negatief kan wees? Veral ek en u wat maar onder die middelmatiges klassifiseer. Daar is vir ons maar weinig eer te behaal in die akademiese lewe. Spot jy nie partymaal so ironies met jouself oor jou „een talent". Jy blaker dit nogal graag uit teenoor jou medestudente met in jou hart 'n gevoel van naywer om die kollega wat heelwat in die agterkop het. U weet natuurlik dat u populêre uitdrukking—„een talent" —uit hierdie gelykenis kom!

Maar goed. Ons kry mekaar agter die studeertafel. Op watter wyse tog? Is dit nie maar om by die professore verby te kom nie? Is dit nie maar eksamenskuheid wat jou angsvallig sekuur laat hou by die uitgetrapte paadjie van die voorgeskrewe werk nie? Dra ons dieselfde gees nie netnou ook in die volle lewe in nie?

Bespeur ek nie êrens in my geloofslewe dieselfde simptome nie? Dalk moet ek juis daar die dieper oorsaak van al daardie negatiwiteit soek. Miskien het ek in my godsdiens nog nooit verder gekom as die onbewuste vreesgedagte: Hoe kan ek by God verby kom.

Ons gaan nog iets meer sê oor die gelykenis.

### INTERMEZZO

Christus se koms op aarde, nie maar net 'n blote intermezzo nie! 'n Oomblik se beroering in die geskiedenis van die mens, wat kort daarna weer rustig uitrimpel. Nee, alles verander. Ook in my studentelewe sal alles nie sonder meer sy ou voortgang hê nie. Jesus het ons in die Naam van sy Vader bewus gemaak van ons besondere opdrag.

Ja, maar wat is nou juis my opdrag. Die gelykenis sê: My opdrag is presies in ooreenstemming met my talente. Dit maak dit vir ons soveel moeiliker. Ons hou van 'n gespesifiseerde taak. Jy wil presies weet wat van jou verwag word, sodat jy met veiligheid sonder vrees verantwoording kan doen. Ons is mos mense van die voorgeskrewe werk. Juis u en ek, wat miskien minder begaafd, minder talentvol is; het die Here dit nie besonder moeilik vir ons gemaak nie. Hy vra rekenskap van ons, maar, wat kan ons Hom aanbied wat die moeite werd is, in die lig van jou karige geestesgoed. En nou laat Hy alles aan my oor.

Was die vyf en die twee-talentslawe nou juis in 'n gunstiger posisie? Moenie dink dat die bevoorregting dit vir hulle makliker gemaak het nie. Hulle het maar net hulle talente ontvang, sonder meer. Geen sorgvuldige aanduiding hoe om die kosbare talente te bestee nie. Die Here laat dit geheel-en-al in hul hande. En nou lees ek van wonderlike resultate. Ek lees van verdubbelde kapitale. Weet u wat is die geheim hier? Christus het daarmee die liefde uitgespel!

### BEKWAAMHEID

Die liefde wat die uiterste bekwaamheid verseker. Die liefde wat dit sonder allerlei bepalinkies kan stel. Die liefde wat bewus is van die eie talent, die moontlikhede sien, die geleenthede benut, en die hoogste resultate beoog. Met niks minder as dit tevrede nie. Die liefde wat spontaan tot die arbeid ontwaak, en werkend die koms van die Meester verwag.

Die Here Jesus het ons nie op aarde presies kon voorskrywe hoe ons ons God en Vader in die hemel in ons werk moet verheerlik nie. Dit laat Hy volkome in ons hande. Maar wat Hy wel gedoen het, Hy het ons vrygemaak. Hy het ons losgekoop. Ons voorouers —Adam en Eva, het met hulle mooi talente en al—om hulle God te verheerlik—in die strikke van die Satan geraak.

Sedertdien, het die ontwikkeling van die menslike talent gestagneer. Ek lees nog net van die Kaïnskraal, waarin die talente bloei. Of as u wil, in die blok van die kommunisme. Christus het gekom om die Skepping weer gewillig in diens te stel van Sy Vader. Dit het Hy gedoen deur die liefde van God aan ons te openbaar. Die liefde wat in sondaarsharte moet deurbreek. Die liefde wat sondaars laat jubel:

Ek bied u hart en hande, in wil'ge offerande,
Al wat ek is, en het.

### TALENTE

Maar ek lees tussen die reëls van die gelykenis deur, van Christene wat hulle talente begrawe. Negatief besorgd is. Dink u dat ons God behaag deur ons kerklike bydraetjie, deur my besette plekkie in die kerkbank; my godsdienstige poginkies, om by die Here verby te kom? En verder is ons lewe een stuk onvrugbaarheid. Godsdienstige talent-begrawers.

Nee, nie my een talent is die probleem waarom ek so negatief is nie. In die houding teenoor die Here skuil die moeilikheid. Ek beledig Hom waar ek Hom bly sien as die oordelende God, i.p.v. die liefdevolle Vader, wat ons in Christus teëkom, met sy versoenende liefde. Wanneer ek waarlik vervul is van diè liefde, dan sal ek ook my lewe as student— alomvattend—heerlik in diens van Christus stel.

- Dan sal dit nie meer staan in die teken van presiese bepalinkies en noukeurige voorskrifte nie, maar in die teken van vryheid en verantwoordelikheid.
- Dan sal ek nie meer spottend van my één talent praat nie, maar my verwonder oor die wonder van verdubbelde resultate deur die liefde van Christus.

Dan is my lewe 'n lied:

Ag Heer, ek is, o ja, ek is U kneg;
seun van U diensmaagd, in U diens gebore.
My bande is los, tot hoër diens verkore
bring ek die offers aan U toegeseg.

—H. v. d. BIJL.

# STUDENTE EN POLITIEK

## REDAKTEUR INTERUNIVERSITÊR

DIT IS OPMERKLIK watter groot rol politiek in studentebedrywighede speel, nie alleen in S.A. nie, maar oral ter wêreld. Veral waar rewolusie en opstand voorkom, word die deelname en aktiwiteite van studente selde gemis.

Tog is dit om verskeie redes geen vreemde verskynsel nie. In S.A. is die meerderheid studente stemgeregtigde landsburgers. Politiek is 'n interessante onderwerp wat 'n wye veld dek en regstreeks of onregstreeks betrekking het op baie dinge waarmee die student hom benewens sy akademiese bedrywighede besig hou.

Maar miskien is die belangrikste rede die feit dat dit in die aard van die student is om te agiteer. Hy voel trots as hy homself kan beskou as in 'n hewige stryd gewikkel. En die politiek is juis 'n terrein wat uitnemende geleenthede bied vir agitasie en stryd.

Nou is dit ongelukkig ook so dat die student se bemoeiing met politiek die stempel en karakter dra van spreekwoordelike jeugdige voortvarendheid en onrypheid.

### FANATIEK

Oor hierdie kenmerkende eienskappe van die jonkheid as sodanig sal die gewone landsburger met elementêre mensekennis hom sekerlik weinig bekommer, maar waar dit met 'n byna fanatieke doelgerigtheid in die landspolitiek indring, kan dit gevaarlik word en lei tot baie onnodige smart en ellende vir 'n vredeliewende landsbevolking.

Dit is 'n bekende feit dat elke huis sy huishoudelike probleme het wat deur geen buitestaander opgelos kan word nie, maar slegs deur die huisgenote self in kalmte en nugterheid, terwyl die huis teenoor die buitewêreld steeds 'n verenigde front vertoon, hoe moeilik dit ookal mag wees.

In dieselfde gees en gesindheid behoort landsburgers—al is hulle studente —dan ook sekerlik hul land se huishoudelike probleme aan te pak, want ook hier geld die vereiste van beskaafde en opgevoede nugterheid.

### RASSEVRAAGSTUK

Suid-Afrika se rassevraagstuk spruit voort uit sy geskiedenis en dit kan hoegenaamd nie eensklaps verander word nie. Dit is 'n huishoudelike probleem.

Daarom kan hierdie probleem nie opgelos word met die hulp van eensydigingeligte buitelandse organisasies—waaronder ook studente-organisasies—nie. Dit kan ook nie opgelos word deur rewolusie en opstand nie, omdat hierdie dinge anargie en chaos veroorsaak, wat ontbloot is van alle nugterheid, wat in wese geweldpleging teen beskaafdheidsstandaarde is en wat dus rassehaat en wanverhoudings steeds aanblaas.

Die historiese situasie in S.A. met betrekking tot rasseverhoudings verander egter. Die huidige Regeringsbeleid is daarop gemik om hierdie verandering langs natuurlike weë te laat plaasvind.

### VAN ALLE GROEPE

Hierdie verandering moet kom van die Afrikaner maar sekerlik ook van die Engelssprekende, sowel as die nie-blanke. Maar nou word die Regering as ondemokraties bestempel deur mense wat nie wil insien dat die verandering van gesindheid nie slegs van die kant van die Afrikaner moet kom nie, maar ook van elke ander volksgroep in die land.

Die beskuldiging word teen die Regering geslinger deur mense wat die demokratiese reg het om die Regering self deur propaganda te ondermyn—ironies genoeg! Aan die Regering word die onsinnige vereiste gestel om indien hy demokraties wil wees, die historiese situasie met betrekking tot die rassevraagstuk met een slag om te keer.

As studente hulle met die politiek wil inlaat, moet hulle al hierdie feite in ag neem voordat hulle begin om rewolusie en opstande aan te blaas. Hulle moet daarteen waak om nie 'n stryd te sien waar daar geen stryd is en 'n stryd op te wek waar daar normaalweg kalmte heers.—(P.R.P.P.)

# SPYKERTJIES

Die grootste fout wat 'n mens kan maak, is om nie bewus te wees van die foute wat jy maak nie.—ZAKENWÊRELD - EPIGRAMMEN.

* * *

Die grensgebied tussen verstand en gevoel is die jagterrein van die duiwel.—PATMORE.

# Amerikaners Huiwer Nie Vir Selfwerksaamheid

IN AMERIKA IS DIT vir studente glad nie snaaks om hulle eie kamers aan kant te maak nie.

In die Blackburnkollege in Illinois werk elke student—man en meisie—vyftien uur per week.

Studente rig geboue op, grawe slote vir pype en sit die pype in, lê kragdrade aan, maak tuin, verf die mure, kweek groente en kook kos en was die skottelgoed.

Die verhaal hieragter is as volg: Die inrigting was in geldelike nood en om studente uit minder gegoede huise die geleentheid te gee vir hoër onderrig, het die rektor vyftig jaar gelede besluit dat almal self moet inspring. En vandag gaan dit nog voor die wind.

### KRY PUNTE

Aan die begin van elke akademiese jaar kies elke student watter soort werk hy wil verrig, en drie keer per jaar word studente punte vir hul werk toegeken. Alles geskied onder toesig.

Deur hierdie werk word glo 'n gees van kamaraderie, verantwoordelikheid en pligsbesef gekweek en Blackburn se studente presteer dan ook jaar na jaar op akademiese terrein.

# Pro Libertate: Fyn Politieke Set?

PRO LIBERTATE, 'n anonieme vlugskrif, is onlangs naarstiglik aan die Universiteit van Stellenbosch versprei.

Die geskrif het egter by nadere ondersoek 'n pleidooi vir integrasie geblyk te wees, word verklaar in 'n artikel in Die Matie van 9 deser.

Die onbekende skrywers het hulle egter self met oortuiging demokratiese republikeinse nasionaliste genoem. Teenstrydig met hierdie stelling word swak spitsvondigheid gebruik om die leier en vooraanstaande lede van die Nasionale Party aan te val.

### UIT VERBAND

Teenstrydig met die „verantwoordelike en eerlike selfondersoek" wat die blad beoog, verklaar Die Matie verder, word feite, stellinge en toesprake willekeurig uit verband geruk om 'n besondere doel te bereik.

Prof. J. P. Bruwer, hoogleraar in Volkekunde in Stellenbosch, het verklaar dat Pro Libertate hoogswaarskynlik 'n skakel is in 'n fyn uitgewerkte plan wat tot sy uiteindelike doelstelling het om die huidige regering omver te werp.

Na alle waarskynlikheid is dit maar net die begin van groter dinge van dieselfde aard wat gedurende Junie hulle verskyning sal maak—onder die dekmantel dat dit nasionaal is en na welwillendheid en samewerking soek, het prof. Bruwer gesê.

### TEEN DR. VERWOERD

Alles draai om 'n persoonlike vete teen die Eerste Minister. Mense word „sag" gemaak deur te hamer op sekere dele uit regeringsverklarings en -toesprake. Dit word doelbewus uit verband geruk en skeef aangebied.

Deur te konsentreer op samewerking en die bruinmense, en dit dan te stel teenoor die „graniet-beleid" van die Eerste Minister, poog hulle om mense te oortuig dat ons 'n onmenslike regering met 'n verdoemende beleid het.

Nooit word egter 'n poging aangewend om die tweede verklaring van die Eerste Minister t.o.v. die Kleurling te noem nie; die werklike feite van die benadering van die Regering t.o.v. die Asiaat en Kleurling bly ongenoem.

### SPEELBALLE

Die Kleurling en Asiate word dus nou politieke speelballe om die Regering tot toegewings te dwing, wat later die Bantoe moet insluit en tot integrasie moet lei, aldus prof. Bruwer in Die Matie.

In 'n hoofartikel in dieselfde uitgawe van Die Matie daag die redakteur die skrywers van Pro Libertate uit om hulle ware motiewe bekend te stel, „omdat daar op Stellenbosch nog altyd plek vas vir openhartige en hartlike meningsverskil."

### NOG GESKRIFTE

Die hoofartikel lui voorts dat daar op Stellenbosch nog geskrifte gaan verskyn en nog pogings aangewend gaan word om studente te misbruik.

„Die taak van die Stellenbosse student is om eerlik en krities te ondersoek en te bou; nie deur anonieme vlugskrifte en ydele geklets nie, maar deur 'n positiewe gesindheid van welwillendheid teenoor volk en vaderland—wit of gekleurd, Afrikaner of Engelsman", verklaar die redakteur ten slotte.

# V.S.R. Begin Self met Werk

Volgens 'n berig in Die Perdeby van 9 Junie is groot dinge aan die kom aan die Universiteit Pretoria aan die selfwerksaamheidsfront.

Verskeie studenteliggame het reeds positiewe besluite in die verband geneem en daar word gedink aan die bestaande Amerikaanse stelsel waarvolgens studente aan kolleges self allerlei take verrig.

### V.S.R. BEGIN

Die Verteenwoordigende Studenteraad aan U.P. het besluit om by homself te begin—lede van die Raad gaan self vir die onderhoud van die S.R.-kantoor sorg en self skoonmaak, uitvee, afstof en afborsel.

Verskeie koshuise beweeg reeds in die rigting van selfwerksaamheid. Afgesien van hul tuinmakery het die Sonoppers begin om hul eie beddens op te maak.

# A.S.K. IN NATALSE HOOFSTAD

Dr. Peet van der Walt, lektor in Afrikaans in Durban, het onlangs die eerste vergadering van die Afrikaanse Studentekring in Pietermaritzburg op 'n hoë noot ingelui met 'n toespraak oor „Flitse uit Vlaandere".

Hy het die Vlaamse maatskaplike politieke en geestelike lewe helder geskets en karakters uit die Vlaamse letterkunde kostelik laat herlewe.

### DOELSTELLINGS

Die Afrikaanse studentekring is verlede jaar in die lewe geroep met die volgende doelstellings:

- Om die Afrikaanse kultuur (veral die letterkunde) te handhaaf en om lig daarop te werp vir beide die Afrikaanse en Engelse student.
- Om as aanvulling by die gewone lesings te dien, nl. om studente 'n wyer kennis en dieper insig te gee in die vak wat hulle bestudeer.

Die kring staan geheel en al buite die politiek en Engels- en Afrikaanssprekendes is welkom om byeenkomste by te woon.

# Sokkiejolle aan U.O.V.S. deur massa gevra

'n VERSOEK VAN DIE Studenteraad van die U.O.V.S. aan die Raad van die Universiteit waarin die hou van „sokkiejolle" op die universiteitsterrein bepleit word, is van die hand gewys, luidens 'n berig in die jongste uitgawe van Irawa.

Die Studenteraad het in sy versoek verklaar dat daar ongetwyfeld 'n leemte waarby alle groepe aan die Universiteit met mekaar kan kontak maak, bestaan. Sokkiejolle sal grotendeels in die behoefte voorsien.

Alleen deur voldoende ontspanningsgeriewe op die Universiteitsterrein aan te bied sal studente weerhou kan word om hul ontspanning in die stad te soek—'n faktor waaraan die verbrokkeling van die studentegees hoofsaaklik toegeskryf kan word.

Nadat die versoek onder luide hoor-hoor's aan die kant van die studente in 'n massavergadering voorgelees is, het die Rektor, prof. P. W. G. Groenewoud, die saak van die Raad gestel.

### WIL HELP

Prof. Groenewoud het verklaar dat hy bereid is om die studente te help in 'n poging om 'n ander vorm van vermaak te vind wat in die behoefte sal voorsien.

Die vergadering het verdaag nadat vrae aan die Rektor gestel is en die partye nie tot 'n vergelyk kon kom nie. 'n Versoek is egter aan die Rektor gerig om die Raad te verwittig dat die studente nie met die bestaande toestand genoë neem nie en dat hulle hul standpunt handhaaf.

Die versoek sal nou in gewysigde vorm aan die Raad voorgelê word. Die wysigings behels naamlik dat ses sokkiejolle per jaar, wat oor 'n nog onbepaalde proeftydperk sal strek, aangevra sal word.

*Studente!*

Besigheid of FLIEK in die dorp
STOOR JULLE FIETSE TEEN
2½c PER DAG
EN KOOP SNOEPERYE BY
**Annellas Restaurant**
Kerkstraat 85 Potchefstroom

**Dames!**
**PROTEA APTEEK**
*Spesialiseer in SKOONHEIDSMIDDELS:*
* HELENA RUBENSTEIN
* Dr. PAYOT
KERKSTRAAT 86

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM

**Rokmateriaal -- veral roklengtes**

**NOMOTTA-WOL in voorraad**

# Antwoord aan Varsity: Eenheid Moet Kom Van Twee Kante

OOR DIE ARTIKEL van die redakteur van Varsity elders op hierdie bladsy moet 'n paar gedagtes van die hart — eerder verduidelikend as verdedigend.

Eers terloops: Op die stelling oor Stellenbosch, wil ons nie ingaan nie want dit is sekerlik 'n huishoudelike saak van daardie Universiteit.

Oor die stelling dat eenheid makliker met Stellenbosch as met Potchefstroom bereik kan word, die volgende: Is die feit dat die P.U. gereeld met Pietermaritzburg debatte hou, of jaarliks teen Wits rugby speel, of selfs — onlangs nog — 'n gemengde konferensie in Durban bygewoon het, nie ook 'n openbare gesindheid van welwillendheid, 'n poging tot kennisname en, as u wil, 'n poging tot samewerking nie?

### PRAGTIGE IDEAAL

Potchefstroom het hom nog steeds ten gunste verklaar van konferensies waar elke groep deur sy eie mense verteenwoordig word.

★ Maar nou meer oor eenheid — dit is immers waaroor dit gaan.

Eenheid is 'n pragtige ideaal wat nagestreef behoort te word. Maar van fundamentele belang is die vraag op welke grondslag dit moet geskied.

Dit staan dan vas dat eenwees as dit nie in die lug hang wees as dit nie in die lug hang heid alleen ware eenheid kan nie, maar stewig geplant staan in vaste beginsels. Sonder beginsels is eenheid tot mislukking gedoem.

Bogenoemde twee paragrawe moet egter gemotiveer word, anders praat ons by mekaar verby.

### UITGANGSPUNT

Motivering bring dan dadelik die vraag wat aan mnr. John Shingler gestel is na vore, nl. „What is Nusas's policy towards God?"

Die uitgangspunt van die Afrikaner word hierdeur geraak omdat hy in alles wat hy doen, vra na die Woord van God en wel omdat hy bely dat:

★ God soewerein is en die ganse heelal aan Hom onderwerp is;

★ Alles deur Hom geskape is — stof, plant, dier en mens op aarde; en

★ Alles deur Hom georden is — dat Hy skepper, wetgewer en onderhouder van die skepping is.

As ons sê die A.S.B. het as grondslag die ordinansies van God, dan sê ons dat hy sy denke en handele stel op die belydenis dat daar 'n Almagtige Soewereine God is. Die Woord van God is dus grondslag vir ons denke en handele, sonder egter om hierdie Woord tot wetenskaplike dokument te maak.

Vir die gelowige is die mens van Goddelike oorsprong, wese en bestemming. Dit is 'n geloofsfeit. Presies dieselfde doen die liberalis: hy glo dat alle mense gelyk is (in menslike sin gesproke).

Uit hoofde hiervan is daar vir die gelowige geen neutrale stand soos die rat van 'n motorkar nie.

### SENTRALE PLEK

Hierdie belydenis maak van die A.S.B. nog geen godsdienstige organisasie nie — dit verleen egter wel aan God die sentrale plek in ons uitgangspunt.

★ Dit is dan die Christelike van die A.S.B.

Indien die A.S.B. nou 'n suiwer godsdienstige organisasie was, sou hy sy grondslag nie verder en skerper op maatskaplike terrein uitstrek nie, maar nou doen hy dit en daarom die Nasionale. En gesamentlik die Christelik-nasionale. Die christelike is hier die kwalifiserende van die nasionale.

### GAWES EN TALENTE

Net soos God nou aan elke mens sy besondere gawes en talente toebedeel, net so bedeel Hy elke mens met sy eie nasionaliteit, taal, kultuur en geskiedenis. Dieselfde geld volke en nasies. Dit is ook die wil van God dat daar afsonderlike nasies en volke sal wees.

Die geskiedenis van die Afrikaner deur die eeue leer ons nou dieselfde: die Afrikanertradisie is 'n Christelik-nasionale tradisie. Daarom kan die A.S.B. dit met vrymoedigheid in sy grondwet neerlê: (Art. B, i).

Uit voorgaande behoort dit nou duidelik te wees waarom die Afrikaner nie Nusas se humanistiese ope lidmaatskapsbepaling kan aanvaar nie.

★ Daarom is dit ook duidelik dat die verskille tussen A.S.B. en Nusas dieper lê as 'n basis van verteenwoordiging — dinge wat hierdie basis ten grondslag lê bepaal die verskille. Dit is uiteenlopende uitgangspunte: Die A.S.B. Christelik-nasionaal en Nusas: die aanvaarding van die beginsel van menseregte soos vervat in die V.V.O.-handves.

★ Eenheid tussen Nusas en A.S.B.? Onder bogenoemde beslis onmoontlik!

### TREK STREEP

Nou verwag u dat die Afrikaner sy lewens- en wêreldbeskouing moet verander, of sy filosofie moet wysig. Opsegging van hierdie grondleggende oortuigings van die Afrikaner sou 'n streep trek deur sy hele geskiedenis; dit sou vir hom beteken dat hy sy taak en roeping in hierdie land moet loën; en dit alles sou 'n sotte dwaasheid wees.

**Want die Afrikaner stel Suid-Afrika se belange eerste — en dit is geen egoïsme of herrenvolkisme nie. Hy doen dit uit hoofde van sy lewensroeping; ook uit hoofde daarvan dat hy draer is van die Westerse beskawing; ook omdat hy hierdie land as sy enigste tuiste aanvaar.**

Daarom verfoei hy onbillike kritiek oor sy land in 'n onsimpatieke buitewêreld en sal hy met al die krag tot sy beskikking hierdie dinge teengaan.

### SELFONDERSOEK

★ Kan Nusas dieselfde ten opsigte van Suid-Afrika sê? Selfondersoek plaas in die weegskaal en die weegskaal gee balans en antwoord. Daarom die vraag in u midde.

Blanke eenheid is ook ons ideaal, maar dan moet dit nie

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 2)

net van een kant af kom nie. Goed en wel, laat die Afrikaner homself ook ondersoek. Die koms van die Republiek is vir hom ook 'n toets, nl. of hy in daad kan omskep wat hy hardop sê. Maar ook vir die Engelssprekende, nl. of hy bereid is om die Afrikaner te verstaan en te begryp, of hy hierdie land wil aanvaar as tuiste, of hy dit wil beveilig en of hy dit as sy eerste liefde stel?

**★ Eerlike antwoorde op hierdie vrae kan ons miskien nader aan volkseenheid bring as pypdrome daaroor . . . .**

En dan kan dit steeds in gedagte gehou word: Die Afrikaner aanvaar hierdie land as sy enigste tuiste en sal sy roeping, sy lewens- en wêreldbeskouing met al die kragte tot sy beskikking handhaaf, bevorder en uitbou. — (Red. D.W.).

# RADIKALE VERANDERING NODIG VIR EENHEID -- Driver

„SAL studente ooit verenig? Ek glo nie — nie voor gesindhede verander nie, is eenheid 'n pypdroom". So skryf mnr. Jonty Driver, redakteur van Varsity, studentekoerant van Kaapstad, in die jongste uitgawe van die blad.

**Mnr. Driver ontleed in sy artikel die basiese verskille tussen die Afrikaans- en Engelstalige universiteite asook die verskille tussen die A.S.B. en Nusas.**

Die artikel lui voorts:

„Toe mnr. John Shingler, voormalige president van Nusas, verlede jaar interuniversitêre verhoudinge op Potchefstroom met die Studenteraad bespreek het, is hy gevra: „What is Nusas's policy towards God?"

### NIE NODIG

„Sy antwoord — en dit skyn vir die meeste Engelssprekende studente die logiese te wees — was dat Nusas dit nie nodig vind om 'n ‚policy' teenoor God te hê nie, aangesien dit nie 'n religieuse organisasie is nie. Die vraesteller het vervolg: ‚Wie nie vir God is nie, is teen God'. Die implikasie is duidelik Nusas is ateïsties en anti-religieus" (godsdienstig).

**Mnr. Driver vervolg dat die verskil tussen Afrikaans- en Engelssprekende Universiteite dieper gaan as die opvatting oor ras en kleurverskille. Die verskille behels godsdienstige, etiese en politieke oortuigings asook rassevooroordeel en benadering van die geskiedenis.**

„Die basiese verskil kom neer op 'n volkome dichotomie in benadering, in uitkyk en filosofie.

### LIDMAATSKAP

„Lidmaatskapsklousules van die twee liggame kom hierby. Nusas staan ferm by sy oortuiging dat lidmaatskap oop moet wees vir alle studente; die A.S.B. se basis van verteenwoordiging is bekend.

„Dit is om hierdie rede dat tussenuniversitêre konferensies in die verlede misluk het. En dit is begryplik, want nie een van die twee liggame wil sy beginsels prysgee nie.

**„Om hierdie rede is die federale beweging ook onprakties. Die meeste lede van Nusas handhaaf dat studente studente verteenwoordig sonder kleuronderskeid. Die A.S.B. aanvaar dit nie. Die A.S.B. wil gemengde groepe deur die blanke voog laat verteenwoordig — dit kom dus neer op rasseverteenwoordiging en nie studenteverteenwoordiging nie".**

Die godsdienstige oortuiging van die A.S.B.-leiers is 'n verdere struikelblok. Dit is onwaarskynlik dat Nusas 'n religieuse dogma op sy lede sal afdwing; Nusas stel slegs belang in studente en in sake wat studente raak. Hy stel nie belang in die privaat lewe van lede nie; godsdiens word aan die persoon self oorgelaat.

### KOMMUNISME

„Daar is ander faktore wat eenheid onmoontlik maak. Aangesien Nusas ope-lidmaatskap het, word nie ingemeng met affiliasies van indiwiduele Nusaslede nie. Die houding van die A.S.B. is egter dat 'n organisasie wat ‚linkse' lede in sy geledere toelaat Kommunisme bevorder — en so is Nusas dan 'n Kommunistiese organsasie".

★ Mnr. Driver bespreek voorts die kwessie van kritiek op S.A. in die buiteland. Hy sê dat Nusas 'n groter verpligting teenoor die waarheid as politieke affiliasies het. „Om hierdie rede kan kritiek op die Regering slegs ten goede strek. Die A.S.B. beskou enige kritiek van Nusas oorsee as verraderlik".

### STELLENBOSCH

Voorts verklaar die redakteur dat dit vir die Universiteit Kaapstad veel makliker sou wees om met Stellenbosch tot eenheid te kom as byvoorbeeld met Potchefstroom, omdat Potchefstroom sterker fundamenteel staan

Stellenbosch is tradisioneel die mees liberale van die Afrikaanse universiteite. Die probleem is egter dat Stellenbosch nie van die A.S.B. sal breek nie.

Die artikel sluit af met die oortuiging dat eenheid nie bewerkstellig kan word voordat die basiese dichotomie in die beskouing van die A.S.B. en Nusas nie verwyder word nie.

★ „En dit sal nie gebeur alvorens die Afrikaners 'n radikale verandering in gesindheid ondergaan nie."

„Tot dit gebeur, bly studente-eenheid 'n pypdroom."




„Dit sal Joubert & Jacobs wees, Menere!"

**UNIE-BAKKERYE**

— Bakkers en Banketbakkers —

BROOD, KOEK EN PASTEITJIES
vir alle geleenthede

★

Spesialiseer in
TROU-, VERJAARDAG- EN DOOPKOEKE

Fabrieke te Potch. en Klerksdorp

Probeer ons eerste vir

**AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN ANDER BENODIGDHEDE**

OPEN 'N REKENING BY

**AJAX**

**Boeke en Skryfbehoeftes**

KERKSTRAAT 159 TELEFOON 3458

**VAKANSIEWERK!**

**Studente . . . hier is jul kans . .**

**SPRINGBOK DISTRIBUEERDERS**

Studente as verkoopsagente benodig gedurende Julie-vakansie.

VERKOOP: Huishoudelike benodigdhede soos besems, borsels, poleerders, ens.

Besigheidsvernuf 'n aanbeveling maar nie noodsaaklik nie.

Gewilligheid is al wat nodig is!

Vir die man met ondernemingsgees wag boonop aantreklike bonusse tot R7.00 per week.

U kan een van die gelukkiges wees wat reeds in die verlede van R40 tot R60 per week verdien het.

'n Kans dus soos een uit 'n duisend . . .

U mag dit nie misloop nie!

*Vir meer besonderhede*

Skakel GERMISTON 58-1044 na 26 Junie

of

Andries Mulder, Heimat 19, P.U. vir C.H.O. (Tel. X09)

# PUKKE SPEEL SOOS EEN MAN
## NORMAAL BUIG DIE KNIE

IN 'N HARDE DOG AANSKOULIKE wedstryd het die Puk Saterdag die neerlaag van verlede jaar deeglik gewreek deur die Pote, wat as gunstelinge op die veld gedraf het, met 19 punte teen nul te klop.

Dit was 'n spannende wedstryd waarin geen genade gevra of gegee is nie, en die Pukke het verdien om die oorwinning te behaal.

Daar was nie juis veel sprankelende agterlynbewegings nie—daarvoor was die dodelike verdediging aan albei kante verantwoordelik. Die wedstryd is onder die voorspelers beslis, en dis hier waar die Pukke hulself oortref het en hul teenstanders eenvoudig in die grond gespeel het.

### SUKSES

Die sukses van die Pukke is geleë in die feit dat hulle soos een man gespeel het en altyd daar was om 'n beweging wat skipbreuk gely het, voort te sit. Al agt voorspelers het soos losvoorspelers genael en gehanteer nadat hulle hul deel in die vaste spel gedoen het. Twee van die Puk se drieë het gekom nadat hulle die los bal gespeel het, en telkens moes die Pote net wal gooi.

Dit is moeilik om spelers uit te sonder in 'n span wat as geheel gespeel het en as sulks suksesvol was, dog 'n mens kan nie nalaat om veral Poens Prinsloo en Lou Erasmus se name te noem nie.

Prinsloo het nie net sy teenstander al sy dae in die voorry gegee nie, maar het gebeur en gewoel in die los en het dikwels twee en drie manne se aandag op hom getrek. Lou Erasmus was hier, daar en oral. Kaptein Piet Bosman het soos 'n ware leier gespeel.

### RANK HOOG

Herman Venter en Koos Hattingh het hoog gerank en hul teenstanders ver oorskadu. Van Koos Hattingh sal daar in die toekoms nog baie gehoor word, veral as hy eers tuis is in groot geselskap en as hy die fynere kunsies van Herman aangeleer het.

Onder die agterlyn kan nie een uitgesonder word nie, elkeen het sy deel tot die val van die Pote bygedra. Friedel Swart en Johan van der Schyff het goed gekombineer en Swart het 'n klassieke drie gedruk; senters Piet en Jan van der Schyff het goed verdedig en die vlakstaande Pote-agterlyn met goedgemikte kortskoppies ontwrig; Smous van der Westhuizen het een van sy beste wedstryde gespeel terwyl Serfontein nie die span in die steek gelaat het nie. Op heelagter was Schalk Hoogenboezem die veiligheid self.



Piet Bosman, Pukkaptein.

### VINNIG BEGIN

Normaal het die wedstryd teen 'n snelle tempo begin en die Pukke moes net bontstaan. Gaandeweg het die Pukke egter die oorhand begin kry en lekplekke in die Normaal-verdediging begin vind; Normaal het egter nooit gaan lê nie en was teen die einde van die wedstryd weer sterk op die aanval. Die Pukke het egter hierdie laaste aanslag ook oorleef en self met 'n pragdrie geantwoord, waarna die eindfluitjie geblaas het.

### PUNTE

Jan van der Schyff het die telling geopen met 'n strafskop. Daarna het Smous van der Westhuizen vir heelagter Blignaut in besit betrap, die bal opgeraap en sierlik oorgeduik (6—0). Dit was die rustydtelling.

Na rustyd slaag Johan van der Schyff met 'n strafskop van net binne die Pote se halfgebied (9—0).

Friedel Swart breek kort hierna, maak of hy uitgee en senter deur, vir Jan van der Schyff om netjies te vervyf.

Die laaste punte het gekom van die mooiste beweging van die dag. Piet Bosman het 'n Poot in besit betrap, die bal opgeraap en aan De Waal besorg. De Waal het sterk genael, vir Piet Bingle gegee, wat die opponente lieflik op hom getrek het en toe vir Johan van der Schyff oorgestuur het om te druk. Die vervyfskop was weer raak, en hierna het die eindfluitjie geblaas.

Verdere sport bladsy 6

# A-span Klop P.O.K. net-net

Na hulle groot oorwinning oor P.O.K. se onder 19A-span die vorige Saterdag kon Puk se A-span verlede Saterdag die Pote se B-span met slegs 9—3 wen.

Die A-span het blykbaar hulle teenstanders onderskat en dan ook noustrop getrek teen die vasberade verdediging van die Pote.

Punte vir die Puk is aangeteken deur Dewald Steyn (vleuel), drie drieë.

Sterkte!



Lion Export Ale

VZ006124/2

# Hokkiespan Behaal Eerste Oorwinning

DIE EERSTE MANSHOKKIESPAN het op Saterdag, 10 Junie daarin geslaag om Garnisoen met twee doele teen een te verslaan en so hulle eerste oorwinning van die seisoen te behaal.

Die proefneming van die keurkomitee, om die verdediging heeltemal te herskommel, was baie geslaagd. Matie Rossouw en Hessel Dykstra het as nuwe heelagters deeglik van hulleself rekenskap gegee en Christie Coetzee wat verskuif is na middelskakel, het die spel uitmuntend beheer en 'n hegte skakel tussen verdediging en aanval gevorm.

### BETER VERLOOP

Ook in die voorlyn het sake stukke beter verloop as in die vorige wedstryde. Peet Aucamp, Bossie Snyman en Lourens du Plessis was die uitblinkers en Aucamp het dan ook albei sy span se doele aangeteken.

Verlede Saterdag het dit egter nie so voor die wind gegaan nie en die Pukke moes tevrede wees met 'n neerlaag van drie doele teen nul. Ook in hierdie wedstryd was die verdediging baie goed maar die nodige deurdringingsvermoë het kortgekom.

Die tweede span speel in die jongste tyd ook sommer windmaker hokkie. Op Saterdag 10 Junie het hulle die span van Strathvaal met vier doele teen een geklop. Die staatmakers in hulle geledere is Daan Meyer, die broers Verhoef en Forbes.

# NAVY DELF ONDERSPIT

**In 'n wedstryd wat nie veel hoogtepunte opgelewer het nie, het P.O.K. Saterdag vir Navy met 11—6 geklop.**

Aan die begin was die spel baie slordig en die kantlyn is telkens opgesoek. Die kere wat die Puk die bal egter laat loop het, was daar gevaar vir die Swartetjies.

Ongelukkig was sulke bewegings min.

Vleuel Du Plessis het vir die Pukke twee drieë gedruk terwyl Tamatie Boshoff, Karl Fouche en Nic Swart onder die uitblinkers was.

Gedruk deur Enslins, Potchefsroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.

# Puk se Gimnaste Lewer Puik Vertonings

Op Saterdagoggend, 10 Junie, het die gimnaste van die P.U. hulle krag getoon deur Pote en Potchefstroom-Dorp in 'n driehoekige byeenkoms in die Noord-Transvaalse liga te klop.

Die mans wat die eerste plek gevul het, het veral geskitter. Jakes van Niekerk het al die eerste plekke gevul behalwe die ringe waar hy deur Gouws Oberholzer, ook van die P.U., geklop is.

Van Niekerk het op die finale puntestand die eerste plek ingeneem, met Oberholzer tweede. Tjaart Steyn, met 'n derde plek, verdien vermelding, asook Leon Croeser.

### JUNIOR

Vir Dorp het Kalie Kriel die tweede plek behaal, ten spyte daarvan dat hy nog maar 'n junior is en dit vanjaar nog maar die tweede jaar is wat hy aan gimnastiek deelneem. Pote se uitblinker was Dawie de Lange, wat die vyfde plek ingeneem het.

Die dames het egter nie dieselfde standaard as die mans gehandhaaf nie, en moes tevrede wees met 'n tweede plek na Pote.

Verlede Saterdag het die Puk ook puik vertoon toe hulle vir Pretoria Normaal, die wenners in die Pretoriase afdeling geklop het. Onder die mans het Jakes van Niekerk weer eens die eerste plek ingeneem, met Gouws Oberholzer tweede en N. Nel van Pretoria derde. Die beste prestasie is deur Van Niekerk gelewer toe hy vir die ringe 9.7 uit 'n moontlike 10 behaal het.

Die dames van P.O.K. het teen dié van Pretoria Normaal te staan gekom. Hier het A. de Jager onder kwaai mededinging van M. de Bruyn en C. Combrinck die eerste plek behaal. Die dames van Pretoria Normaal moes egter die knie buig teen die sterk span van P.O.K.

# Dorp Verslaan Die Puk

In 'n onaanskoulike wedstryd op 10 Junie het die voorspelers van Dorp die Pukke skoon van hul voete gespeel en die Pukke met die kous oor die kop huis toe gestuur met 16—3.

Agterlynbewegings was baie skaars en hegte verdediging het die rol van die agterspelers in die wedstryd nog verder beperk.

Weliswaar moes Puk sonder Carel Grundlingh en Piet van der Schyff op die veld draf, dog 'n mens twyfel of dit enige verskil in die uitslag sou gebring het indien hulle wel gespeel het.

### VOORSPELERS

Dorp het soveel moontlik die bal onder hul voorspelers gehou en die Pukkies kon net nie 'n teenvoeter vir hierdie metode vind nie.

Hierdie pak voorspelers van Dorp is seker een van die bestes in die land, met manne soos Claassen, Putter, Bezuidenhout en Koen, die agtsteman.

Die wedstryd was as skouspel 'n mislukking en die groot skare het die veld in toue verlaat terwyl die wedstryd nog aan die gang was. Slegs 'n paar bittereinders onder die Pukke het tot aan die einde die koue getrotseer om swak vertoning van die Pukke enduit te aanskou.

Puk se enigste punte het gekom van 'n strafdoel deur Jan van der Schyff.

# JONGSPAN WYS DIE WEG

Reeds op 10 Junie het die O/19A-span teen Normaal gespeel en hulle deeglik afgeransel deur met 25—0 te seëvier. Dog die wedstryd was geensins so eensydig soos die telling wil aandui nie en die Pukke moes swaar veg vir al hul punte.

Veral aan die begin het die Pote knaend aangeval en in die Pukke se gebied geboer as gevolg van goeie lynskoppe. In hierdie aspek het die Pukke dikwels gefaal en is hulle ver teruggedryf deur hul teenstanders. Veral losskakel Redelinghuys moet meer aandag aan sy taktiese skopwerk bestee.

Heelagter De Villiers word ook nog te dikwels uit posisie betrap, terwyl senters Hennie van der Merwe en Johan van der Schyff lekker hardloop met die bal. Hennie het dan ook altwee Johan se drieë aangevoor.

Onder die voorspelers was dit weer Koos du Plessis wat die oog gevang het terwyl Loutjie van Wyk se eerlike werk beloon is met twee drieë.

# B-span Kry Groot Pak

Die O/19 B-span het op Saterdag 10 Junie daarin geslaag om die B-span van Pote met 11 punte teen agt te klop in 'n taai botsing. Die Pukke se punte is behaal deur Jan Kruger (drie), Ginger van Aswegen (drie), terwyl Scholtz met 'n strafdoel en 'n vervyfdoel geslaag het.

Verlede Saterdag het hulle egter 'n lelike pak op die lyf geloop teen die A-span van Pote. Die telling was naamlik 28—0, nadat Pote met rustyd slegs 3—0 voor was. Toe die Pote egter die eerste punte na rustyd behaal, het dit gelyk of die Pukkies sommer die saak gewonne gee.

# Fires Klop Dorp en Verloor teen P.O.K.

Die Puk se derde span het op Saterdag 10 Junie gelykop gespeel teen die derde span van Potch.-Dorp met ses punte elk.

Die Pukke was eintlik ongelukkig om nie te wen nie, aangesien hulle die hele tweede helfte in Potch.-Dorp se gebied gekuier het. Kennie de Kock en Sarel Pretorius het die Fires se punte aangeteken met 'n drie elk.

### NIE SO GOED

Verlede Saterdag het dit egter nie so goed gegaan teen die Swartjies nie en die Fires moes tevrede wees met 'n neerlaag van 19—0.

In hierdie wedstryd het veral die agterlyn teleurgestel, want hoewel die voorspelers gesorg het dat hulle genoeg van die bal te sien gekry het, kon hulle nie veel daarmee uitrig nie.